

# GEMEENTE. SUPPLEMENT 1

[CHRISTUS]

'N PROFESIE OOR JESUS CHRISTUS, SY DOOD EN OPSTANDING,  
IN DIE OU TESTAMENT

Die profeet Jesaja teken hierdie profesie oor Jesus Christus in ongeveer 700 v.C. op. So 'n profesie word in geen ander godsdien in die wêreld of in die geskiedenis gevind nie! Die profesie word in 5 koeplette van 3 verse elk verdeel. Dit daal van die verhoging van Christus na die diepte van sy vernedering en styg dan weer na sy verhoging toe. Die verse word direk uit Hebreeus vertaal.

Die Klem.

*Jesus is gekruisig as straf vir ons sondes* (Jesaja 52:13 - 53:12).

Die Nuwe-Testamentiese openbaring leer duidelik dat hierdie profesie oor die Kneg (Dienaar) van die Here in Jesus Christus vervul is. In Christus is geen bedrog gevind nie (vergelyk Jesaja 53:5 met 1 Petrus 2:22). Christus was die skaap wat ter slagting gelei is (vergelyk Jesaja 53:7-8 met Handeling 8:32-33). Christus het sy lewe gegee as losprys vir baie (vergelyk Jesaja 53:10 met Markus 10:45). Christus is tot sonde gemaak sodat ons regverdig sou wees voor God in Hom (vergelyk Jesaja 53:10-11 met 2 Korintiërs 5:21). Christus is oorgelewer vir ons oortredinge en opgewek vir ons regverdiging (vergelyk Jesaja 53:11-12 met Romeine 4:25). Christus het gely, gesterf en uit die dood opgestaan (vergelyk Jesaja 53:5 met Markus 10:32-34). Die Christus moes ly om in sy heerlikheid in te gaan (Lukas 24:26).

## A. KOEPLET 1. JESAJA 52:13-15.

### JESUS CHRISTUS SOU NÉT DEUR LYDING VERHOOG WORD.

Profesie.<sup>1</sup>

Die eerste koeplet introduceer *die tema* van hierdie profesie, naamlik: 'Die komende Messias sou net deur lyding verhoog word.' In hierdie koeplet praat die HERE Self.

#### 1. Vers 13 beskryf sy verhoging.

52:13. Vertaling: "Kyk, my Kneg sal voorspoedig wees (Hebreeus: shkl, K), Hy sal styg (Hebreeus; rum, K) en Hom verhef (Hebreeus: ns', Pi), en hoog wees (Hebreeus: gbh, K) baie (Hebreeus: me'od)."

Vers 13 beskryf sy verhoging, d.w.s., sy opstanding uit die dood, hemelvaart en troonsbestyging na die regterhand van God (Handeling 3:13; Filippense 2:9-11). Sy stryd sal met die oorwinning bekroon word; sy arbeid sal vrugte sien.

#### 2. Vers 14 beskryf sy vernedering.

52:14. Vertaling: "Soos baie oor U ontsteld is (Hebreeus: shmm, K), so misvormd (Hebreeus: mishchat) was sy voorkoms, meer dan 'n mens sy voorkoms (Hebreeus: mare'hu), en sy gestalte (Hebreeus: to'ar) meer dan (die gestalte) van ander mensekinders."

Vers 14 beskryf sy vernedering, d.w.s., die mishandeling deur mense, wat Hom byna onherkenbaar gemaak het (Markus 14:65; Markus 15:15,17,19; Johannes 19:1-5).

#### 3. Vers 15 beskryf sy verheerliking.

52:15. Vertaling: "So sal Hy baie nasies besprinkel/besproei (laat opspring *van verbasing*)(Hebreeus: nzh, Hi), oor Hom sal konings sluit (Hebreeus: qpts, K) hulle mond (*sprakeloos wees*), wat nie aan hulle vertel is nie (Hebreeus: spr, Pu), sien hulle, en wat hulle nog nooit gehoor het nie, daar sal hulle aandag aan skink (ondersoek, *te wete kom*) (Hebreeus: bin, Hitpol).

Vers 15 beskryf sy verheerliking. Dit kontrasteer die vernedering van vers 14 met die toekomstige heerlike verhoging bo almal. "Die woord "besprinkel" kan ook vertaal word met "opspring". Volke en konings sal met verbystering opspring en hulle oor sy heerlikheid verwonder (vergelyk Jesaja 49:7; vgl. Job 29:9-10; Psalm 22:30). Hulle sal dinge sien, hoor en begryp, wat nooit voorheen aan hulle vertel is nie – naamlik: die evangelie en die Nuwe-Testamentiese onderrig. Baie mense sal hulle verbaas oor God se openbaring, wanneer hulle hierdie verbasingwekkende verandering in die lot van Jesus Christus van dood tot opstanding by sy eerste koms sal sien.

Vervulling.

Die Nuwe-Testamentiese openbaring praat wel oor die mishandeling van Jesus (Johannes 19:1-3), maar vertel nie hoe Jesus Christus daaruit gesien het toe mense Hom mishandel het nie.

<sup>1</sup> "Openbaring 19:10 sê (letterlik in Grieks), "Die getuienis van Jesus Christus (wat deur Jesus Christus gegee word en wat Jesus Christus tot inhoud het) (1 Petrus 1:9-12) (Openbaring 12:17) is naamlik die gees (die bedoeling of strekking) van (Bybelse) profesie." Willekeurige profesieë (voorspellings) is NIE dieselfde as Bybelse profesie NIE (Jeremia 23:16-40).

Die Nuwe-Testamentiese openbaring sê duidelik dat Hy uit die dood opgestaan het, opgevaar het na die hemel toe en gaan sit het aan die regterhand van God as Koning oor die heelal. ‘Die baie’ wat hulle oor sy lyding ontstel het, word heeltal oortref deur ‘die baie’ wat Hom ná sy verheerliking leer ken het – ontelbare mense uit alle volke, onder andere ook hooggeplaasde konings.

## B. KOEPLET 2. JESAJA 53:1-3. JESUS CHRISTUS SOU DEUR MENSE VERAG EN VERWERP WORD.

Profesie.

Die tweede koepel beskryf die vernedering van die komende Messias. Hy sou met ongeloof beoordeel word. Hier praat die profeet Jesaja as verteenwoordiger van die ware volk van God.

### 1. Vers 1 sê dat Hy op godsdienstige gebied met ongeloof beoordeel sou word.

53:1. Vertaling: “Wie glo wat ons gehoor het? Die arm (mag) van die HERE, aan wie is dit geopenbaar (Hebreeus: glh, Hitp)?”

Vers 1 sê dat Hy op godsdienstig gebied met ongeloof beoordeel sou word. Jesaja 52:13 tot 53:12 is ’n direkte openbaring van die HERE. Geen mens sou ooit só ’n verlossingsplan kon bedink nie. Dit was God se bedoeling dat hierdie openbaring met geloof aanvaar sou word, maar tog sou die profeet Jesaja en die Messias later met baie ongeloof te doen kry - dit word in die Nuwe Testament bevestig (Johannes 12:37-38); Romeine 10:16).

### 2. Vers 2 sê dat Hy op sosiale gebied verag sou word.

53:2. Vertaling: “Hy spruit uit (Hebreeus: >lh) soos ’n loot (Hebreeus: joneq) voor sy (die HERE se) aangesig, soos ’n loot van ’n wortel (Hebreeus: shresh) uit die aarde (Hebreeus: >erets) dorre (Hebreeus: tsijah); geen (skoonheids)gedaante (Hebreeus: to<ar) het Hy gehad en geen versiering/heerlikheid/prag (Hebreeus: hadar) as ons na Hom sou kyk nie (Hebreeus: r<h, Ni), daar is geen gestalte (voorkoms) (Hebreeus: mar<eh) dat ons van Hom sou hou nie (Hom sou begeer nie) (Hebreeus: chmd, Ni).

Vers 2 sê dat Hy op sosiale gebied verag sou word. Dit beskryf die lae afkoms of nederige oorsprong van die Messias. Hy sou gebore word uit ’n geslag, wat vroeër ’n boom was (die koningshuis van Dawid), maar wat later net ’n afgekapte stomp was wat bedek sou wees met grond (die onaansienlike huis van Josef en Maria)(Jesaja 11:1). Sy eie familie en volk sou aan Hom geen mag of grootheid toeskryf nie. Hy het geen liggaamlike skoonheid gehad nie en sy uiterlike voorkoms was onaantreklik vir mense. Nietemin sou Hy vanaf sy ontvangenis (Jesaja 49:1) opgroei voor die oë van die HERE. Die HERE sou oor Hom waghou en daarvoor sorg dat Hy sy bestemming sou bereik (vgl. Lukas 2:52)!

Hy sou op liggaamlike gebied geen uiterlike skoonheid of aantreklikheid hê nie (vgl. Dawid, 1 Samuël 16:18).

### 3. Vers 3 sê dat Hy liggaamlik mishandel sou word.

53:3. Vertaling: “Hy was verag (Hebreeus: bzh, Ni), in die steek gelaat (verstoot)(Hebreeus: chdl, K) deur mense, ’n Man van smarte/lyding/pyn (Hebreeus: mak<ob), bekend/vertrou met (Hebreeus: jd>, Pu) siekte (Hebreeus: choli); en soos iemand vir wie mense wegdraai (verberg)(Hebreeus: str, Ni) hul gesig. Hy was verag (Hebreeus: bzh, Ni) en ons het nie (*as vriend*) gereken nie (Hebreeus: chshb, Ni) Hom.

Vers 3 sê dat Hy liggaamlik mishandel sou word. Hoewel Hys Homself sou identifiseer met die verdruktes en siekes in die volk, sou Hyself só erg mishandel word dat mense Hom nouliks sou herken (Jesaja 52:14). Die profeet Jesaja, as verteenwoordiger van sy volk, profeteer dat Israel Hom nie sou erken of ag nie.

Vervulling.

Die voorvaders van Jesus Christus na sy menslike natuur was geen groot heiliges nie – Juda het egbreuk gepleeg met Tamar, Salmon het getrou met Ragab die hoer, Boas het getrou met Rut die Moabiet en koning Dawid pleeg egbreuk met Batseba (Matteus 1:3,5,6).

Jesus het opgegroeï in Nasaret in die veragte gebied van Galilea (“streek van die heidene”)(Markus 1:9; vergelyk Johannes 1:46). God het Homself geopenbaar deur Jesus Christus en tog is Hy in Galilea (Lukas 4:29), in die oor-Jordaanse gebied (Lukas 8:37a) en in Judea (Johannes 2:18; 5:16; 6:66; 7:12,20, ens.) met baie ongeloof bejeën. Sy eie vaderstad het aanstoot aan Hom geneem (Markus 6:3). Sy eie broers het nie in Hom geglo nie (Johannes 7:5). Hy het in ’n tyd geleef toe Israel as volk van God geestelik droog en dood was (Matteus 21:43) en die huis van Dawid lankal nie meer geheers het nie.

Niemand het op natuurlike wyse tot Hom aangetrokke gevoel nie (Jesaja 53:1-3). Die lede van die regering het Hom in sy gesig gespoeg en met vuiste op sy gesig geslaan (Matteus 26:67). Die Romeinse soldate het sy klere van sy lyf afgetrek, na Hom gespoeg, ’n doringkroon op sy kop gedruk en Hom keer op keer met ’n staf op sy kop geslaan (Matteus 27:27-30). Hy was waarskynlik so geskend (onherkenbaar vermink) dat mense nie na sy misvormde gesig durf kyk het nie!

C. KOEPLET 3. JESAJA 53:4-6.  
JESUS CHRISTUS SOU VIR ONS SONDES GEKRUISIG WORD.

Profesie.

Die derde koeplet beskryf die evangelie van verlossing. Die Messias sou ly en sterf *in die plek van sy volk*, d.w.s. Hy sou 'n plaasvervangende soenoffer wees. Dit kontrasteer “ons sondes” met “sy lyding” en “sy lyding” met ons “genesing”. Die “ons” kan alleen 'n verwysing wees na God se ware volk. Hulle is mense wat glo en aan wie die arm van die HERE geopenbaar is (vers 1).

1. Vers 4 sê dat Hy ons siektes en smarte sou dra.

53:4. Vertaling: “Nietemin (Hebreeus: <aken) ons siektes het Hy op Homself geneem/weggeneem/weggedra (Hebreeus: ns<a), en ons smarte (Hebreeus: mak<ob) het Hy as 'n las gedra (Hebreeus: sbal); en ons, ons het Hom beskou (Hebreeus: chshb) as 'n geplaagde (*een wat gestraf word*) (Hebreeus: nagu>a), een wat geslaan word (Hebreeus: mkh, Pu) deur God en verneder word (Hebreeus: m>n).

Vers 4 sê dat die Messias ons siektes en smarte sou dra. Die woorde “siektes en smarte” vat al die menslike lyding saam, wat 'n gevolg is van die sondeval. Dit is 'n samevatting van allerlei liggaamlike en psigiese siektes en gebreke, alle menslike leed. Hy sou dit alles gewillig op Homself neem en dra, dus in ons plek. Hy sou sommige van hierdie siektes en smarte vóór sy wederkoms verwyder, maar baie seker alle siekte en smarte by sy wederkoms verwyder, wanneer Hy dooie mense opwek uit die dood en alles nuut sal maak.

Maar Israel se houding van veragting staan in skerp kontras hiermee. Mense sou sy lyding beskou as 'n straf en plaag van God vir sy eie sondes! 'n Geplaagde is iemand wat deur God se hand vreeslik getref word, sodat 'n swaar lyding of onheil ('n plaag) hom tref. (1 Samuel 6:9; Job 1;11; 19:21).

2. Vers 5 sê dat Hy vir ons sondes gekruisig sou word.

53:5. Vertaling: “Maar Hy (met nadruk teenoor “ons”) is deurboor (Hebreeus: chll) vir ons oortredinge (Hebreeus: peshā), verpletter/verbrysel (Hebreeus: dk<a, Pu) vir ons ongeregtighede (Hebreeus: >on), die straf (Hebreeus: musar) van die vrede (d.w.s. wat vrede vir ons bring) (Hebreeus: shlm) was op Hom, en deur sy wonde (Hebreeus: cheburah) het daar vir ons genesing gekom (Hebreeus: rp<a, Ni).

Vers 5 sê dat die Messias vir ons sondes gekruisig sou word. Hy sou deur verdrukking en geweld verpletter word en uiteindelik op gewelddadige wyse met spykers deurboor (gedood) word. Hierdie profesie is merkwaardig, omdat kruisiging as 'n straf vir misdadigers eers 600 jaar ná Jesaja deur die Romeine ingestel is.

Die profesie is om 'n tweede rede merkwaardig, omdat dit só lank voor die gebeurte uitgelê is waarom die Messias moes sterf. Die hoofsaak is dat bitter lyding sy deel geword het “vanweë ons oortredinge en ongeregtighede”. Dit is 'n duidelike voorspelling van die oorsaak en die gevolg van die dood van die Messias. Hy sou gekruisig word vir die oortredinge en ongeregtighede van sy volk, wat Jesaja en die Ou-Testamentiese gelowiges insluit! Hy sou in hulle plek gestraf word (vgl. Romeine 3:25). Die straf is 'n vergelding (Jeremia 2:19). Die straf wat tot vrede (d.w.s. volkome heelheid) lei en die strieme wat tot genesing lei, is juis die geheim van plaasvervangende lyding! Wat geen mens vermag het nie, het God se verassing geword!

3. Vers 6 sê dat Hy vir ons moedswillige onafhanklikheid gestraf sou word.

53:6. Vertaling: “Ons het almal soos skape (Hebreeus: ts<on) afgedwaal (Hebreeus: t>ah), ons het elkeen sy eie pad geloop (Hebreeus: pnh), maar die HERE het laat val op/laat tref (Hebreeus: pg>a) Hom die ongeregtigheid van ons almal.” AOV: Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die HERE het die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom.

Vers 6 sê dus dat die Messias vir ons moedswillige afkeer van God gestraf sou word. Die sonde van die mens is moedswillige, eiesinnige en hardnekkige onafhanklikheid van God. Daarom maak die sonde van die mens hom skuldig en strafbaar. Alle mense het hulle eie lewenskoers sonder God ontwerp, hulle eie pad gekies en geweier om agter die Herder aan die weg van God te bewandel. “Bekering tot die Herder en Opsier van julle siele” (1 Petrus 2:25) het nou noodsaaklik geword!

Vervulling.

Hierdie profesie is vervul (Matteus 8:16-17) toe Jesus Christus baie besetenes en siekes bevry het. Terwyl Jesus Christus die lyding van mense op Hom geneem het, het die mense sy lyding beskou asof Hy getref is deur 'n plaag van God! Hulle het gedink dat sy lyding verdiende straf van God was (Matteus 26:65-66). Israel het lyding beskou as 'n straf vir sonde, maar net soos die Fariseërs, het hulle die lyding van Jesus Christus beskou as 'n straf vir sy eie sonde (dat Hy God sou gelaster het) en nie as 'n straf vir hulle sondes nie (Met hierdie beskuldiging het hulle God gelaster)!

By sy kruisiging het die soldate lang spykers deur Jesus se hande en voete in die kruishout geslaan, die kruishout omhoog gelig en met 'n harde slag in 'n gat in die grond laat val en Hom toe aan die spykers in die warm son as 'n vervloekte laat hang (vergelyk Galasiërs 3:13)! Dit was 'n verskriklik wrede manier om misdadigers te laat ly. Hierdie gewelddadige lyding het uiteindelik die (menslike) lewe van Jesus verbrysel en Hy het gesterf.

Die Ou-Testamentiese openbaring het al geprofeteer dat Jesus Christus moes ly vir die oortredings en ongeregthede van sy mense. “Oortreding” beteken rebellie in die hart wat uitdrukking vind in die opsetlike ongehoorsaamheid aan God se onderrig en gebooue. “Ongeregtheid” is die verdraaiing van God se waarhede tot halwe waarhede en leuens. Jesus Christus het gesterf, nie om ons te verbeter nie, maar om vir ons sondes te boet. Hy sterf nie net vir ons nie, maar ook in ons plek! Hy het letterlik ons sondes op sy eie liggaam aan die kruis gedra (1 Petrus 2:24). Hy is “tot sonde gemaak”, sodat wie in Hom glo, “tot geregtigheid van God” in Hom gemaak is (2 Korintiërs 5:21). Hy het dus plekke met ons geruil! Wie in Jesus Christus glo, word nooit meer veroordeel nie (Johannes 5:24), maar word uit God se genade regverdig verklaar en as volkome regverdig in God se oë beskou en behandel (Romeine 3:24,28). Wie glo dat Jesus Christus in sy plek aan die kruis gesterf het, word met God versoen (1 Petrus 3:18). God maak vrede met die gelowige (Romeine 5:9-10) en die gelowige maak vrede met God (Romeine 5:1) en met ander mense (Efesiërs 2:14-15). “God se vrede” bring God se volledige verlossing, seëninge en blydschap daarmee saam. God se genesing bring God se verlossing uit allerlei nood, ellende en lyding saam.

Die wortel en die wese van die sonde is “onafhanklikheid van God” of “selfgenoegsaamheid”, sodat iemand hom doelbewus afkeer van die Herder deur buite God se doel vir sy lewe te leef, deur openlike rebellie en oortreding van God se Woord en deur gemene verdraaiing van God se Woord ten einde homself te regverdig.

Die vrugte van die sonde is “om te doen wat God verbied” of “nié te doen wat God gebied nie”. Die HERE het al hierdie sondes in ons lewens op Jesus Christus laat neerkom! Hy het ons skuld, ons straf, ons ellende op Hóm geneem, sodat ons sý volmaakte regte verhouding tot God (sy volkome geregtigheid en heiligheid) uit genade mag ontvang!

#### D. KOEPLET 4. JESAJA 53:7-9. JESUS CHRISTUS SOU HOM AAN SY LYDING ONDERWERP.

Profesie.

Die vierde koeplet beskryf die volledige onderwerping van die Messias (Jesus Christus) aan God se plan – ‘verlossing deur plaasvervangende lyding’. In vers 7 tot 10 praat die profeet nie meer nes ’n priester as die verteenwoordiger van die gelowiges in die volk nie, maar nes ’n profeet wat God se verlossingsplan verkondig!

##### 1. Vers 7 beskryf sy lyding soos die van ’n lam.

53:7. Vertaling: “Hy is mishandel (verdruk, getiranniseer) (Hebreeus; ngs), maar Hy het Hom laat verneder (*Hy het Homself daaraan onderwerp*) (Hebreeus: >anah Pu) en Hy het nie oopgemaak nie (Hebreeus: ptch, Pi) sy mond (Hebreeus: peh); soos ’n lam/kleinvee (Hebreeus: seh) wat na die slagplek (Hebreeus: tebach) gelei word (Hebreeus: jbl, Hi), en soos ’n skaap/ooi (Hebreeus: rahel) wat voor sy skeerders (Hebreeus: gazaz) stom is (Hebreeus: <alam, Ni), - so het Hy nie oopgemaak nie (Hebreeus: ptch) sy mond.”

Vers 7 beskryf hoe die Messias (Jesus Christus) sou ly. Hy is mishandel, netsoos die slawe deur hulle Egiptiese slawedrywers (Eksodus 3:7; Jesaja 9:3). Hy het Homself laat verneder sonder teenstand te bied, sonder om hierdie onreg teen Hom te wreek (1 Petrus 2:23). Hy sou soos ’n skaap na die slagplek gelei word sonder om sy mond oop te maak. Hy sou ly sonder om Hom daarteen te verset. Hy sou Hom vrywillig aan die lyding onderwerp! Hoewel Hy mishandel sou word, sou Hy Homself vrywillig laat verdruk, omdat Hy deur sy lyding God se plan tot vervulling sou bring.

##### 2. Vers 8 beskryf Sy dood as ’n misdadiger.

53:8. Vertaling “Uit die benoudheid/dwang (Hebreeus: >otser) en uit ’n vonnis/teregstelling (Hebreeus: mishpat)(ANV: terwyl Hy gely het en gestraf is) is Hy weggeneem (Hebreeus: lqch), en wie van sy tydgenote/generasie (Hebreeus: dor) het dit ter harte geneem<sup>2</sup>? Want Hy is afgesny (Hebreeus: gzz, Ni) uit die land van die lewendes; Oor die oortredings van my volk was die plaag (Hebreeus: neg>a) op Hom.

Vers 8 beskryf hoe die Messias sou sterwe. Hy sou nie op ’n vreedsame manier (in ouderdom) sterwe nie, maar soos ’n veroordeelde misdadiger, gevonnisd deur die onregverdige godsdiens en die wêreldse gereg (Die Joodse Sanhedrin met Annas en Kajafas en die Romeinse goewerneur, Pilatus). Hy sou uit die benoudheid van Getsemane, die regsittings en mishandelings deur mense weggeneem word om gekruisig te word. Die diepere agtergrond is die gerig van God waarin Jesus Christus as Borg vir sondaars moes verskyn. Israel het Hom misken en nou is Hy weggeneem. Israel is van sy heilryke teenwoordigheid beroof.

Die tweede sinsnede “Wie van sy tydgenote het dit ter harte geneem” kan beter vertaal word met “Wie kon sy verblyfplek navors (ontdek)?” Die profeet Jesaja kla dat die volk Israel sy Messias verwerp, ter dood veroordeel en doodgemaak het en dat die Messias na ’n plek verwyder is waarvan niemand geweet het nie (Lukas 23:43,46). In die tyd van die Ou Testament tot aan die tyd dat die dissipels oor die dood van Jesus getreur het, was daar maar weinig kennis oor die lewe ná die dood. In die Ou Testament is mense wel opgewek uit die dood (om daarna weer te sterwe), maar nog nooit het iemand opgestaan uit die dood (om nooit meer te sterwe nie)! Die nadruk lê op die feit dat Hy na sy

<sup>2</sup> Jesaja 53:8 (jeshocheach)? KBS “Wie denkt nog over zijn bestemming na?” NBG “Wie onder zijn tijdgenoten bedacht, dat hij is afgesneden uit het land der levenden”, GNB “Geen van zijn tijdgenoten die zich om hem bekommerde”. ANV “Wie van sy mensen het dit ter harte geneem?” NBV “Wie van zijn tijdgenoten heeft er oog voor gehad?”

dood uit die gesigsveld van Israel onttrek is. Hy het soos 'n omgekapte boom geword (2 Konings 6:4), “afgesny “ van die land van die lewendes.

### 3. Vers 9 beskryf sy begrafnis as 'n ryk man.

53:9. Vertaling: “En het geplaas (Hebreeus: ntn, Ni) by misdadigers/goddeloses (Hebreeus: rasa) sy graf (Hebreeus: qeber), [*dit is die keerpunt van hierdie profesie: die beskrywing gaan nou oor sy regverdiging en verhoging*] maar by die rykes (Hebreeus: >asir) was Hy in sy dood (Hebreeus: maut) (was sy laaste rusplek), omdat Hy geen onreg (Hebreeus: chamas) gepleeg het nie, en geen bedrog (Hebreeus: mirmah) in sy mond (was nie) (vgl. 1 Petrus 2:22-23).

Vers 9 beskryf hoe die Messias begrawe sou word. Die onregverdige owerhede het beplan om die Messias 'n oneervolle begrafenis te gee, by die veroordeelde misdadigers. 'n Oneervolle begrafenis word in Israel as 'n vreeslike lot beskou (vgl. Jesaja 14:18-20; Jeremia 8:1-2; Jeremia 36:30). Maar God sit hul planne eenkant en gee Hom die graf van 'n ryk man, uitgekapt uit rots (sien Jesaja 22:16). God het vir Hom eer gegee in plaas van die smaad wat sy vyande gedink het om aan Hom te gee.

Vervulling.

Tydens sy lewe is Jesus Christus uitgeskel as 'n misleier, duiwelsbesetene en volkome mal (Johannes 7:12,20; 8:48; 10:19-20). Tog het Hy nie terug geskel nie. Gedurende sy verhoor het Hy onder valse beskuldigings en mishandeling gely. Maar Hy het sy aanklaers en vervolgers nooit met wraak gedreig nie (sien 1 Petrus 2:22-23)! In sagmoedigheid het Hy Homself aan die mishandeling onderwerp waardeur Hy misvorm is. Hy Homself oorgegee aan die vernedering om in die openbaar naak gekruisig, bespot en verwerp te word. Nie eenmaal het Hy gepoog om Homself te verdedig nie! Die paaslam (Eksodus 12:3) en die lam in Jesaja 53 vorm die grondslag vir die Nuwe-Testamentiese aanduiding van Christus as “die Lam van God” (Johannes 1:19; 1 Petrus 1:19).

Ná sy angstige lyding in Getsemane, die mishandeling deur mense en die veroordeling deur onregverdige regters, is Jesus Christus saam met twee ander misdadigers gekruisig, sodat almal sou dink dat Jesus ook 'n misdadiger was. Hy sterf werklik, want Hy is van die land van die lewendes afgesny.

Jesus Christus word begrawe in die graf van die ryk, Josef van Arimathea (Matteüs 27:57-60). Dit was 'n geweldige eer! Sy eervolle begrafnis was die eerste teken dat die HERE sy Dienaar, Jesus Christus, as onberispelik beskou het! Hy het geen onreg gedoen, geen geweld gepleeg en geen leuen geuiter nie. Hy was volkome onskuldig en onberispelik in woord en daad!

Hoewel Jesus Christus in Homself onberispelik en onskuldig was, het Hy Homself vrywillig onderwerp aan sy plaatsvervangende lyding vir ons (sien Johannes 10:17-18)!

## E. KOELET 5. JESAJA 53:10-12.

### JESUS CHRISTUS SOU 'N HEERLIKE ERFENIS ONTVANG.

Profesie.

Die vyfde koeplet beskryf God se beloning vir de Messias en sy uiteindelijke heerlijkheid. In vers 10 praat die profeet nie as verteenwoordiger van die gelowiges in die volk nie (d.w.s. as 'n priester nie), maar as iemand wat God se verlossingsplan verkondig (d.w.s. as 'n profeet). In vers 11 en 12 spreek die HERE Self.

#### 1. Vers 10 beskryf sy plaatsvervangende lyding en sy opstanding as onderdeel van God se plan.

53:10. Vertaling: “Maar dit het behaag (Hebreeus: chpts, K) die HERE om Hom te breek (Hebreeus: dk<, Ni), Hy het Hom siek gemaak (Hebreeus: chlh, Hi). Wanneer Hy sy siel (lewe) (Hebreeus: nefesh) gemaak het (Hebreeus: sim, K) tot 'n skuldoffer (Hebreeus: <asham), sal Hy sien (Hebreeus: r<ah, K) saad/nageslag (Hebreeus: zer>a), sal Hy verleng (Hebreeus: <arak, Hi) dae (sal Hy in lengte van dae lewe), en die welbehag (Hebreeus: chefets) van die HERE sal deur sy hand voorspoedig voortgang hê (Hebreeus: tsch, K).”

Vers 10 beskryf die volbragte verlossingswerk van de Messias. Sy dood en opstanding was 'n deel van God se ewige plan.

Die vraag waarom die Messias moes ly.

Die vraag was waarom die Messias moes sterwe as Hy tog onskuldig was? Die antwoord was dat God se buitengewone verlossingsplan daarmee in vervulling sou gaan! Die lyding van die Messias was in God se ewige plan ingesluit (1 Petrus 1:20). Jesus Christus *moes* sterwe (Lukas 24:26; Matteüs 26:54), omdat dit die enigste manier was om versoening te maak vir sonde en omdat die Skrif openbaring hieroor in vervulling moes gaan!

“Dit het die HERE behaag om Hom te breek (te verbrysel)”. Agter hierdie groot menslike onreg skuil die verlossingswerk van die HERE (sien ook vers 5-6)! Die sondoffer is die plaasvervangende straf vir sonde (Leviticus 4:2,4,15,24,29). Die Messias moes eers “sy siel (sy Persoon, Homself, sy lewe) as 'n skuldoffer gee”. Die skuldoffer het voldoening verskaf aan die geskonde reg (Leviticus 5:15-17; 6:2-3). Die Ou-Testamenties plaasvervangende offers was verplig, maar die persoonlike soenoffer van die Messias was volkome vrywillig. Dit bly vir mense ondenkbaar!

- Op die vlak van die menslike geskiedenis sterf Jesus Christus as gevolg van die onregverdige veroordeling deur die wêreldse regters (1 Korintiërs 2:8).

- Maar op die vlak van God se heilsgeskiedenis sterf Hy as gevolg van die regverdige veroordeling van die sondes van die wêreld deur die Regter, God (1 Korintiërs 2:9)!

Sy soenoffer het drie gevolge gehad:

- Eerstens sou Jesus Christus “saad sien”, dit wil sê, “’n geestelike nageslag”, “die baie mense wat Hy regverdig sou maak” (vers 11) en sou seën (vgl. Genesis 12:3).
- Tweedens sou “Hy lewe tot in lengte van dae”, dit wil sê, Hy sou uit die dood opstaan en vir ewig lewe (vgl. Openbaring 1:18)! Dit is merkwaardig, omdat nog maar weinig oor die opstanding uit die dood in die Ou Testament geskryf was (sien Jesaja 26:19).
- Derdens sou die Dienaar van die HERE na sy dood en opstanding ’n geweldige taak hê: “Die voorneme/wens of welbehae van die HERE sou deur sy hand voorspoedig voortgang hê”. “Die voorneme/wens of welbehae van die HERE” sou die diepste rede wees vir sy lyding (vers 10a), maar ook die diepste rede wees vir sy wonderlike toekoms (vers 10b)! Hierdie toekoms word in vers 11 beskrywe. Deur sy bemiddeling (hand) sou die plan van die HERE aanhoudend met sukses vooruitgang maak! Deur sy dood en opstanding sou Jesus Christus sy geestelike nageslag wat bestem is vir die ewige lewe vermenigvuldig (sien Johannes 12:32).

## 2. Vers 11 beskryf sy werk as Hoë Priester wat na sy opstanding baie mense sou regverdig.

53:11. Vertaling: “Deur die inspanning /die lyding (Hebreeus: >amal) van sy siel sal Hy sien (Qumran: die lig van die lewe sien) en versadig (tevrede) wees (Hebreeus: sabe>a, K); deur sy kennis (Hebreeus: da>at) sal Hy (dit wil sê) My regverdige Dienaar (Hebreeus: tsadiq abdo) regverdig maak (Hebreeus: tsdq, Pi) die baie (mense) (Hebreeus: rabim); en hul ongeregthede sal Hy dra (Hebreeus: sbl, K).

Vers 11 beskryf die voortgaande werk van verlossing deur die Messias. Weer spreek die HERE Self in vers 11-12. Die lyding van die Messias sou nie alleen sy liggaam, maar sy hele wese (siel) raak (Hy sou verbrysel en siek word). Die Messias sou die vrug van sy lyding en die verlossingswerk sien en dit sou Hom versadig en verkwik.

Die teks spreek nie oor “kennis oor die Messias” nie, maar oor “kennis van die Messias”. Deur sy geestelike “kennis” van God en God se openbaring (heilspan)(vgl. Hosea 4:6; Maleagi 2:7; Jesaja 11:2; Jesaja 50:4, Matteus 11:27, sy profetiese amp) sou die Messias baie mense regverdig maak.

Die Messias sou die Dienaar van die HERE (“My Dienaar”) wees en deur sy lewe, woorde en daede die welbehae van die HERE uitvoer. Hoewel die onregverdige regters van die wêreld Hom veroordeel het as ’n “onregverdige”, noem die HERE Hom uitdruklik “die regverdige”. “Hy sou die goddeloses in die land hard oordeel, met sy uitsprake sal Hy hulle om die lewe bring, maar die armes billik verhoor en die ootmoediges in die land regverdig oordeel” (Jesaja 11:4-5)!

Die regverdigheid van die Messias sou die grondslag wees waarom alleen Hy “baie”, d.w.s., die groot massa mense (sien Daniël 9:27; Daniël 11:33; Daniël 12:3; Markus 10:45; Romeine 5:19), regverdig sou maak! “Die baie” moet verstaan word in die teenstelling tussen die Eén (die Messias) en die baie (die groot menigte wat niemand kan tel nie) (Openbaring 7:9). “Soos baie deur die ongehoorsaamheid van een mens (Adam) sondaars geword het, so ook sal baie deur die gehoorsaamheid van die een Mens (Christus) vrygespreek word” (Romeine 5:19)!

“Hul ongeregthede sal Hy dra.” Alleen die Messias sou die ongeregthede van hierdie “baie” dra! Die diepste grond van die geregtigheid van die baie mense is die lyding van die Dienaar van die HERE as Plaasvervanger (Substituut). Buiten Jesus Christus om is daar geen verlossing en geen weg na God toe nie (Lukas 10:16; Johannes 14:6; Handeling 4:12)!

- Vers 11 spreek dus oor sy profetiese amp (die kennis van die Messias wat God bekend maak aan mense)
- Sy priesterlike amp (die offer van die Messias wat die ongeregthede wegdra).
- Vers 12 spreek oor sy koninklike amp (die buit bestaan uit ’n ontelbaar menigte gelowiges in Christus).

## 3. Vers 12 beskryf die beloning van God vir sy plaasvervangende lyding, naamlik: baie mense wat geregtig word.

53:12. Vertaling: “Daarom (Hebreeus: laken) sal Ek Hom laat deel (Hebreeus: chlq) aan die baie/magtiges (Hebreeus: >atsum); en die talryke/magtige (mense)(Hebreeus: <atsum) sal Hy (as) buit (Hebreeus: shalal) ontvang (Hebreeus: chlq), omdat (Hebreeus: tachat <asher) Hy uitgestort het (Hebreeus: >rah, Ni) sy siel in die dood en Hom laat tel (reken) het (Hebreeus: mnh, Ni) met oortreders (misdadigers), en die sondes (Hebreeus: chet<a) van baie op Homself geneem het (Hebreeus: ns<a, Pi) en vir die oortreders gebid het (Hebreeus: pg>, Hi).”

Vers 12 beskryf dat die erfenis van die Messias wat bestaan uit baie verlostes.

Die teks bedoel nie dat die Messias met baie ander (die magtiges) die buit sal deel nie, want Hy kan nie met die magtige (mense op die aarde) op een lyn gestel word nie. Die onderwerp is “die baie” en die werkwoord in die Kal vorm beteken: “as sy deel ontvang” (soos in Job 27:17). Die teks bedoel nie dat die Messias alleen ’n deel van “die baie” as erfdeel ontvang nie, maar juis dat Hy “die baie” as ’n geheel as sy erfdeel ontvang (vgl. Romeine 5:19)! Omdat die Messias die ongeregthede van “die baie” (mense) sou dra en hulle so regverdig sou maak (vers 11), sou die HERE “die baie” (mense) as buit (erfenis, beloning) (aan Hom) tot eiendom gee!

Sy plaasvervangende lyding sou die rede wees vir sy verhoging! Hy sou sy siel (lewe en lewensbloed) (Genesis 9:4; Levitikus 17:11) uitgiet, Hy sou onder die misdadigers gereken word (Lukas 22:37) en Hy sou selfs bid vir hulle wat Hom dood sou maak (Lukas 23:34).

Vervulling.

Deur sy dood en opstanding het Jesus Christus sy geestelike nakomelinge begin vermenigvuldig (Johannes 12:24,32).

- Hoewel Jesus Christus na sy goddelike natuur vir ewig leef en nooit sterf nie (“Dit is Ek, die Eerste en die Laatste, die Lewende, Openbaring 1:18)
- het Hy na sy menslike natuur gesterwe en toe opgestaan. Na sy opstanding uit die dood leef sy menslike natuur nou ook vir ewig.

Deur Jesus Christus vervul God sy ewige plan met die skepping en met die herskepping (Efesiërs 1:9-10).

- Omdat alleen Jesus Christus ‘die Regverdige’ is wat die de hele wet (die regverdige eis) van God volbring het (sien Matteüs 5:17; Romeine 10:4),
- kan alleen Hy die “baie” (mense), dié wat “die oorfloed van genade en die gawe van geregtigheid ontvang het”, regverdig maak (Romeine 5:17-19)!

Die Messias, Jesus Christus, is onder die misdadigers gereken (Lukas 22:37) en het vrywillig sy lewe uitgegiet (Johannes 10:11,18). Hy is die Groot Aartsvader, wat in werklikheid alle beloftes van God erf (sien 2 Korintiërs 1:20)! Hy is “die wortel” (“die saad” van die aartsvaders) (Genesis 22:17-18; Galasiërs 3:16) van “die olyfboom” (die volk van God wat bestaan uit gelowiges uit alle volke) (Romeine 11:17-18). Hy is die sterke Koning, wat die ‘baie’ of ‘talryke’ (mense), wat Hy geregtig het, as sy onderdane in sy Koninkryk het (sien Openbaring 1:5-6; 5:9-10; 7:9). Alle mense, wat Hy regverdig, behoort aan Hom. Hy het die Groot Middelaar en Hoë Priester geword wat nie alleen gebid het vir diegene wat Hom tereggestel het nie (Lukas 22:34), maar ook vir ons (sy kinders, sy onderdane) bid (Johannes 17:20; Hebreërs 7:25).

Jesaja 53 word in die Nuwe Testament die duidelikste aangehaal in Handeling 8:28-35 en 1 Petrus 2:22-25. Maar vergelyk ook Matteus 20:28 met Jesaja 53:10 en Johannes 1:29 met Jesaja 53:4,7. Die Messias, Jesus Christus, moes deur lyding in s heerlikheid ingaan (Lukas 18:31-33; Lukas 24:25-27). Hoewel in Jesaja 49:3 “die Knecht van die HERE” beskryf word as die ware “Israel”, kan die woord “Israel” nie letterlik die volk Israel bedoel nie, omdat Hy deurgaans teenoor die volk Israel gestel word. Israel is goddeloos, verag en verwerp Hom, maar Hy is volkome onskuldig! Die gestalte van die Dienaar van die HERE gaan alles wat ooit in Israel gesien is verre te bowe! Dit is die gestalte van Hom wat (die gelowiges in) Israel van hulle sonde en skuld sal verlos, die Middelaar van God se verlossingsplan!